Inhoudsopgawe

Hoofstuk I

Reëlings vooraf en verblyf in Pretoria

1.1 Na aanstelling kom ekspedisielede in Pretoria bymekaar op n datum soos aan hulle bekend gemaak. Vir die opleidingstydperk word Pretoria as die hoofkwartier van alle ekspedisielede beskou en geen verblyftoelae sal derhalwe aan ekspedisielede betaal word nie. n Kaart van Pretoria is gerieflikheidshalwe aangeheg.

1.2 Gedurende die laaste gedeelte van November tot voor die vertrek van die ekspedisie na Antarktika aan die einde van Desember sal die hele span in n militêre kamp op Voortrekkerhoogte tuisgaan. Dit is verpligtend dat alle ekspedisielede met hierdie reëling inval aangesien daar gedurende hierdie tydperk intensiewe onderrig in verskillende aangeleenthede soos brandbestryding, kookkuns, liggaamlike opvoeding ensomeer gegee sal word.

1.3 n Spoorwegorder sal aan elke ekspedisielid gestuur word wat hom in staat sal stel om eersteklas per trein na Pretoria te reis. Reis- en verblyftoelae sal tot in Pretoria betaal word. Persone wat nie per trein wil reis nie, kan met hulle eie vervoer na Pretoria afreis en dan die ekwivalent van n eersteklas treinkaartjie teen staatstarief eis. Die ongebruikte spoorwegorder moet aan die Departement terugbesorg word.

1.4 Die koste verbonde aan die verblyf te Voortrekkerhoogte wat ongeveer R1.50 per dag bedra, sal deur ekspedisielede gedra word.

1.5 Tydens verblyf aldaar is ekspedisielede onder militêre gesag en sal gevolglik alle reëlings van die militêre owerhede eerbiedig. Hulle sal in die verband nader deur die kursusleier ingelig word.

1.6 Alle kursusse moet deur alle ekspedisielede bygewoon word. Alle reëlings in verband met programme sowel as persoonlike reëlings moet derhalwe voor samekoms in Pretoria afgehandel word. Slegs in uitsonderlike gevalle sal die Departement bereid wees om n ekspedisielid van sekere kursusse te verskoon.

2/.....

1.7 Die ekspedisieleier is die amptelike mondstuk van die ekspedisie en enige probleme moet deur hom met die Departement van Vervoer opgeneem word. Op Voortrekkerhoogte sal hy die Departement via die kususleier nader.

1.8 Soos reeds gemeld, moet alle persoonlike reëlings voor aankoms in Pretoria gefinaliseer wees. Ondervinding het geleer dat die volgende spesiale aandag verdien :

(a) Stel die Ontvanger van Inkomste in kennis dat u vir ongeveer 15 maande in Antarktika sal wees.

(b) Tref die nodige reëlings met u militêre eenheid.

(c) Reël betyds vir enige versekering wat u wil uitneem. Van owerheidswee word u gedek deur die Ongevallewet (Wet No. 30 van 1941 soos gewysig).

(d) Algehele of beperkte volmag kan aan iemand verleen word om tydens u afwesigheid namens u op te tree. Met n algehele volmag kan die gevolmagtigde tjeks uitskryf, dokumente onderteken en op baie ander maniere optree. Beperkte volmag beperk die gevolmagtigde net tot sekere optredes. Stel die Departement asseblief in kennis indien u volmag aan iemand verleen het sodat enige korrespondensie wat na u vertrek ontvang word en aandag vereis, na die persoon verwys kan word.

(e) Dit is wenslik om n testament voor u vertrek te laat opstel. U bank of prokureur sal u verdere inligting verskaf.

(f) Dit is <u>noodsaaklik</u> dat u u tande deeglik laat nasien voor samekoms in Pretoria. Tydens die opleidingstydperk is daar nie tyd daarvoor nie.

(g) Ekspedisielede moet sover moontlik die nodige inspuitings en inentings voor samekoms in Pretoria kry. Distriksgeneeshere sal die nodige doen. Tans word slegs inspuitings teen geelkoors en pokke as noodsaaklik beskou, maar dit staan ekspedisielede vry om ander inspuitings ook te kry. U moet by die Distriksgeneesheer

3/.....

aandring om aan u n internasionale inentingsertifikaat te gee vir paspoortdoeleindes. Daarsonder sal u nie toegelaat word om die land te verlaat nie.

1.9 Aansoekvorms om paspoorte sal aan ekspedisielede in Pretoria gegee word en moet sonder versuim terugbesorg word. Elke ekspedisielid word van n amptelike paspoort voorsien. Indien n ekspedisielid in besit van n privaatpaspoort is, moet dit saam met die aansoekvorm aan die Departement besorg word. Na afloop van die ekspedisie moet elke ekspedisielid sy amptelike paspoort aan die Departement terugbesorg, waarna privaatpaspoorte weer aan die houers daarvan oorhandig sal word. Indien die Departement reeds oor n amptelike paspoort vir u besit, moet u nogtans n aansoekvorm om hernuwing voltooi.

1.10 Daar moet met die Hoofrekenmeester van die Departement gereël word oor die beskikking van u salaris. Die reëling geld net ten opsigte van diè persone wat direk deur die Departement betaal word. Andere, soos byvoorbeeld die fisici, moes die nodige reëlings alreeds vroeër met hulle rekenmeesters getref het.

1.11 Dit is belangrik dat reëlings soos bogenoemde nie individueel geskied nie, maar deur die groep as geheel. Die leier sal hiervoor sorg.

1.12 Die verpakking en versending van wetenskaplike apparaat en persoonlike besittings moet met die Kontroleur van Voorrade bespreek word. Alle houers en kratte moet baie duidelik gemerk en betyds, dit wil sê op die laatste 14 dae voor die vertrek van die skip, na die volgende adres gestuur word:

Die Voorradebeampte,
Departement van Vervoer,
Leeuwenstraat 27,
KAAPSTAD.

1.13 Normaalweg word daar geen beperking geplaas op die hoeveelheid bagasie wat n ekspedisielid saamneem nie, maar daar word van ekspedisielede verwag om hul bagasie binne redelike perke te hou.

4/.....

Hoofstuk 2

Vertrek van die Ekspedisie na Kaapstad en vertrek na Antarktika van Kaapstad af

2.1 Na afloop van die Departement van Vervoer se kursus in Pretoria word daar aan die ekspedisielede verlof toegestaan om na hulle onderskeie tuistes te gaan totdat die ekspedisie amptelik van Pretoria vertrek.

2.2 Koste verbonde aan die reis na hulle tuiste en hulle verblyf daar word deur hulleself gedra.

2.3 Die ekspedisie vertrek amptelik vanaf Pretoria op 'n gegewe datum. Indien vooraf skriftelik aansoek gedoen word, sal verlof aan ekspedisielede toegestaan word om op 'n gegewe dag by die span in Kaapstad aan te sluit. As die versoek toegestaan word, kan ekspedisielede 'n bedrag van die Departement eis gelykstaande aan wat dit die Departement sou gekos het om die ekspedisielid vanaf Pretoria per trein na Kaapstad te vervoer. Die Departement is slegs verantwoordelik om ekspedisielede tussen Pretoria en Kaapstad te vervoer. Indien 'n ekspedisielid derhalwe ander roetes wil volg, moet hy dit op eie koste doen en kan hy slegs eis vir vergoeding soos hierbo verduidelik.

2.4 Elke ekspedisielid moet 'n verlofvorm voltooi vir die dae waarop verlof geneem word en by die Departement inhandig. Die Departement sal die dae waarvoor verlof benodig word, bepaal en die nodige voorligting gee.

2.5 Persone wat met hulle eie vervoer na Kaapstad afreis, moet die nodige eisvorms voltooi voordat die skip vertrek en aan die Departement se verteenwoordiger oorhandig.

2.6 Die Antarktiese Afdeling is bereid om ekspedisielede in Pretoria, voordat die ekspedisie na Kaapstad vertrek, te help om die eisvorms gedeeltelik te voltooi sodat slegs die ontbrekende gedeeltes in Kaapstad ingevul hoef te word.

2.7 Amptelike vervoer sal slegs vanaf die Kaapstadse stasie na die hawe beskikbaar gestel word vir ekspedisielede wat ampte-

5/.....

lik per trein reis. Geen ekspedisielid mag sonder die goedkeuring van die amptelike verteenwoordiger van die Departement van Vervoer van amptelike vervoer gebruik maak nie. Enige versoek om vervoer moet deur die leier aan die verteenwoordiger gerig word.

2.8 Ekspedisielede rapporteer op n gegewe tyd en datum by die amptelike verteenwoordiger van die Departement van Vervoer op die RSA in die Kaapstadse hawe.

2.9 Aangesien ekspedisielede na aankoms in Kaapstad op die RSA tuisgaan, word geen verblyftoelaag toegestaan nie.

2.10. Die span as geheel gaan op n tyd soos aan hom bekend gemaak sal word, na die Voorraadedepot waar beskermende klere uitgereik sal word. Na ontvangs hiervan is ekspedisielede, met goedkeuring van die Departement se verteenwoordiger, vry om te kom en gaan soos hulle wil totdat die RSA vertrek.

2.11 Alle lede van die span moet ten minste twee uur voor die vertrek van die skip aan boord wees. As Doeane en Paspoortbeheer ander tye bepaal, moet daar gevolg aan gegee word. Die vertrektyd van die RSA sal so gou moontlik in Kaapstad bekend gemaak word.

2.12 Alle lede van die ekspedisie is verplig om amptelike onthale in Kaapstad by te woon. Kennis daarvan sal vroegtydig gegee word.

2.13 Geen ekspedisielid mag n onderhoud met die pers of die radio voer sonder die toestemming van die amptelike verteenwoordiger van die Departement van Vervoer nie. Sulke versoeke moet deur die leier gerig word.

2.14 Geen ekspedisielid mag beleidsake met die pers of radio bespreek nie. Die ekspedisielid sal hom uitsluitlik bepaal by persoonlike aangeleenthede en sy werksaamhede op Antarktika.

2.15 Geen ekspedisielid sal, sonder die toestemming van die Kaptein van die RSA, dames in sy kajuit onthaal nie.

6/.....

Hoofstuk 3

Op die RSA

3.1 Die Kaptein van die RSA is in absolute beheer van die skip. Elke ekspedisielid is verplig om al sy bevele en opdragte onmiddellik en nougeset uit te voer.

3.2 Elke ekspedisielid is verplig om die gedragsreëls soos neergelê deur die Kaptein na te kom.

3.3 Kajuite word deur die Kaptein toegewys.

3.4 Departementele gaste en waarnemers op die RSA is die verantwoordelikheid van die Kaptein. Dit word egter van ekspedisielede verwag om vryelik met hulle te meng en

(a) die Antarktiese navorsingsprojek te bevorder;

(b) geen beleidsake of politiek met hulle te bespreek nie.

3.5 Elke ekspedisielid is verplig om reddingsoefeninge by te woon.

3.6 Saterdae hou die Kaptein van die RSA kajuitinspeksie. Ekspedisielede moet toesien dat hulle kajuite sindelik is.

3.7 Onder geen omstandighede mag ekspedisielede inmeng met die werksaamhede van bemanningslede, drank aan hulle verskaf, ensomeer nie.

3.8 Maaltye moet stiptelik bygewoon word. Ontbyt is nie verpligtend nie, maar slegs die persone wat stiptelik daar is, sal bedien word.

3.9 Die dra van n das by aandete is verpligtend.

3.10 Stilte sal van 2300 uur gehandhaaf word.

3.11 U word aangeraai om leesstof vir die reis saam te neem.

3.12 Hou kontant byderhand op die heenreis. Die RSA-kantien hou n redelike verskeidenheid artikels teen billike pryse aan. n Pryslys verskyn elders in die handleiding. Transaksies met die kantien geskied streng kontant. Indien krediet aan n ek-

7/.....

spedisielid toegestaan word, is dit sy verantwoordelikheid om magtiging aan die Departement te verleen om die verskuldigde bedrag van sy salaris te verhaal en aan die RSA-kantien oor te betaal.

3.13 Ekspedisielede word nie toegelaat om n onbeperkte hoeveelheid bagasie by hulle in die kajuit aan te hou nie. Slegs items wat tydens die reis gebruik sal word, mag aangehou word. Die res moet in die ruim van die skip gebêre word. Dit word aanbeveel dat die volgende kledingstukke en artikels in die kajuit gebêre word :

1 Anarak
1 Trui
Onderklere
Vilt-pantoffels (1 paar)
1 paar werkstewels (Mukluks)
3 Hemde
Das
Handskoene
Bril (2 paar)
Sokkies
Serpe
Toiletbenodigdhede

Hoofstuk 4

Vreemde Basisse

4.1 Dit gebeur soms dat basisse van ander lande besoek word. Dit is hoflikheidsbesoeke en daar word derhalwe van ekspedisielede verwag om hul gashere met respek te behandel en waardige ambassadeurs van die Republiek van Suid-Afrika te wees.

4.2 Geen ekspedisielid mag n vreemde basis besoek tensy hy daartoe aangesê word deur die ekspedisieleier nie.

4.3 Ingevolge die Antarktiese Verdrag mag SANAE ook deur ander Verdragslande besoek word. Die VSA het trouens al die ander lande se basisse gedurende 1967 besoek om vas te stel of die bepalings van die Antarktiese Verdrag nougeset nagekom word.

4.4 Ekspedisielede sal uit hulle pad gaan om die nodige hoflikheid aan sulke besoekers te bewys.

9/.....

Hoofstuk 5

Aankoms van die RSA te Antarktika

5.1 Na aankoms is die belangrikste taak die ontskeping van die RSA. Dit is die verantwoordelikheid van die vertrekkende ekspedisie om die wetenskaplike aktiwiteite te SANAE aan die gang te hou terwyl die intrekkende ekspedisie die ontskeping so vinnig moontlik laat plaasvind. Die intrekkende ekspedisie bly dus op die skip totdat alles afgelaai is.

5.2 Vertrekkende ekspedisielede sal hulp verleen met die aflaai waar nodig en moontlik, maar dit word beslis van hulle verwag om die aflaai van sleč by die basis so spoedig moontlik te doen om te verhoed dat daar enige vertraging is. Buitengewone seetoestande vereis dat die skip so gou moontlik na Suid-Afrika moet terugkeer. Dit is derhalwe gebiedend noodsaaklik dat die skip teen die hoogs moontlike versnelling afgelaai word.

5.3 Alle wetenskaplike personeel help ook met die aflaai van die skip enersyds en die sleč by die basis andersyds. Hulle sal slegs van hierdie verpligting vrygestel word indien hul programdirekteure voor die vertrek van die RSA die Departement kan oortuig dat dit werklik noodsaaklik is. Aangesien die vertrekkende ekspedisielede tot met die amptelike oorname van die basis vir alle programme verantwoordelik is, sal toestemming slegs in uitsonderlike gevalle verleen word.

5.4 Beamptes van die Departement van Vervoer en beamptes van ander Departemente of werknemers van ander instansies wat spesiale ondersoeke by die basis moet gaan doen, moet onmiddellik na die basis genoem word. Hulle is vir die duur van hulle verblyf by die basis, dit wil sê tot die amptelike oorname, onder beheer van die leier van die vertrekkende ekspedisie. Alle moontlike hulp sal aan hulle verleen word om hulle ondersoeke doeltreffend en suksesvol uit te voer.

5.5 Beamptes genoem in paragraaf 5.4 sal nie met die aflaai van die skip behulpsaam wees nie tensy ander opdragte gegee word.

10/.....

5.6 Nadat die oorhandiging van wetenskaplike programme tot almal se bevrediging geskied het, vind die amptelike oorname van die basis plaas.

5.7 Vertrekkende ekspedisielede sal na die oorname die basis verlaat en op die RSA tuisgaan. Slegs met toestemming van die nuwe leier sal n vertrekkende ekspedisielid toegelaat word om na die oorname in die basis te bly.

5.8 L.W. Tydens gesamentlike ekspedisies, byvoorbeeld met die Belge, is daar soms vliegtuie by die basis. Geen ekspedisielid sal toegelaat word om n plesierrit mee te maak nie aangesien ekspedisielede in geval van n ongeluk, nie van Staatsweë gedek word nie.

Hoofstuk 6

By die Basis

6.1 Daar moet altyd in gedagte gehou word dat SANAE in die eerste plek as 'n navorsingstasie in die lewe geroep is. Alle aktiwiteite moet dus in die eerste instansie toegespits word op die werk wat daar verrig word.

6.2 Die leier van die Antarktiese Ekspedisie is in absolute beheer van die basis en tree namens die Sekretaris van Vervoer op.

6.3 Elke ekspedisielid is verplig om opdragte van die leier uit te voer - hy mag nie weier nie. 'n Ekspedisielid kan, nadat hy die opdrag uitgevoer het en hy die opdrag as onredelik beskou, die aangeleentheid weer met die leier bespreek. As hulle dan nog nie tot 'n verstandhouding kon kom nie, moet die aangeleentheid deur die dissiplinêre komitee, bestaande uit die leier, onderleier en 'n ekspedisielid wat deur die ander lede verkies is, oorweeg word.

6.4 Ekspedisielede sal onder geen omstandighede verskille met die leier met individuele ekspedisielede bespreek en sodoende agterdog teen die leier saai nie.

6.5 Ekspedisielede is verplig om met bestuursake te help.

6.6 Geen ekspedisielid mag enige bestuursake, hetsy per brief of per radiotelefoon met enige persoon buite Antarktika, en dit sluit programdirekteure in, bespreek nie. Bestuursake is die verantwoordelikheid van die Departement van Vervoer. Alle bestuursprobleme word deur die leier by die Departement van Vervoer aanhangig gemaak.

6.7 Ekspedisielede is mede-verantwoordelik vir die huishouding by die basis. Elke ekspedisielid sal op een of ander tyd vir huishoudelike pligte afgesonder word. Elke ekspedisielid is verplig om dit te doen. Die rooster vir huishoudelike pligte sal vroegtydig deur die leier bekend gemaak word. Die leier alleen is gemagtig om beurte uit te ruil. Die enigste gronde waarop dit toegelaat sal word, is siekte of waar 'n per-

12/.....

soon se werk gedurende daardie tyd van so n dringende aard is dat hy nie vrygestel kan word nie. Daar sal egter nie toegelaat word dat enige ekspedisielid huishoudelike pligte vryspring nie.

6.8 Huishoudelike pligte moet nougeset uitgevoer word. Onder geen omstandighede mag daar met kos gemors word nie.

6.9 Persoonlike sindelikheid is netso belangrik as in die Republiek en ekspedisielede is verplig om alle vuil klere en beddegoed, komberse uitgesluit, gereeld te was.

6.10 Ofskoon daar nie altyd normale kantoorure soos in die Republiek gehandhaaf kan word nie, moet daar so na as moontlik daaraan gebly word. Ekspedisielede sal bedags werk en snags slaap. Slegs ekspedisielede wie se pligte van so n aard is dat nie hieraan gehoor gegee kan word nie, sal deur die leier tegemoet gekom word. Hierdie opdrag moet streng nagekom word.

6.11 Slaapkwartiere mag vir geen ander doel as vir slaap of rus gebruik word nie. Slaapkwartiere mag nie n vergaderplek vir selfs 2 persone wees nie. Die bymekaarkomplek is die kombuis-, semi-eetkamer en dit moet gehandhaaf word.

6.12 Daar bestaan geen toiletgeriewe in die slaapkwartiere nie en geen toiletfasiliteite mag daar geskep word nie.

6.13 Die leier bepaal die eetgewoontes en ook die etenstye. Geen ekspedisielid sal sonder n wettige en gemotiveerde rede van n ete verskoon word nie. Dit sluit ontbyt in. Die leier is die enigste persoon wat toestemming vir afwesigheid by n ete mag gee.

6.14 Ekspedisielede moet hulle streng by die aanvaarde tafelmaniere hou. Daar moet toegesien word dat daar nie, tot oorlas van ander, daarvan afgewyk word nie.

6.15 Daar is alkoholiese drank by die basis beskikbaar, derhalwe sal onder geen omstandighede toegelaat word dat enige ekspedisielid drank van die skip na die basis bring nie.

6.16 Gesamentlike byeenkomste moet deur alle spanlede bygewoon word.

6.17 Onder geen omstandighede mag vuurwapens of ammunisie deur

13/.....

enige ekspedisielid na Antarktika geneem word nie. Indien daar ontdek word dat n ekspedisielid wel n vuurwapen meegeneem het, sal dit onmiddellik deur die leier gekonfiskeer en die saak aan die Departement gerapporteer word.

6.18 Daar is drie gewere en ammunisie vir ontspanningsdoeleindes op Heldedag (10 Oktober) beskikbaar.

14/.....

Hoofstuk 7

Geboue, Installasies, Toerusting en Klere

7.1 Geboue en installasies moet behoorlik onderhou word. Alle defekte wat plaaslik herstel kan word, moet onmiddellike aandag geniet.

7.2 Geen verandering aan of byvoeging tot die bestaande elektriese stelsel mag sonder die toestemming van die Departement van Vervoer geskied nie. Indien wysigings nodig is, moet die saak eers met die Departement opgeneem word.

7.3 Die basis met al sy toerusting is Staatseiendom. Daar moet toegesien word dat niks misbruik of gemors word of verlore raak nie.

7.4 Gereedskap en toerusting moet onmiddellik na gebruik op die regte plek gehêre word. Toerusting of voorraad mag geensins verwyder word sonder die medewete van die persoon wat daarvoor verantwoordelik is nie.

7.5 Bergklim- en veldtoerusting moet met groot sorg behandel word. Onthou, menselewens hang daarvan af !

7.6 Na gebruik moet sulke toerusting baie deeglik nagesien word voordat dit gehêre word. Tente moet gedroog en herstel word, primusstowe skoongemaak, yspikke skoongemaak en geghries word ens.

7.7 Enige toerusting wat deur nalatigheid of traak-my-nie-agtigheid beskadig word, sal herstel word op koste van die persoon wat vir die skade verantwoordelik was.

7.8 Daar het in die verlede gevalle aan die lig gekom waar ekspedisielede ekspedisietoerusting en -voorraad vasgelê het. Om n herhaling hiervan te voorkom, sal die volgende prosedure gevolg word :

(a) Voor vertrek uit Suid-Afrika sal elke ekspedisielid n verklaring aan die Departement maak watter waardevolle artikels hy in sy persoonlike bagasie na Antarktika

15/.....

noem, byvoorbeeld grammofoonplate, radiostelle, fotografiese apparaat ens. 'n Afskrif van hierdie verklarings sal aan die leier oorhandig word.

(b) Voordat die ekspedisie SANAE verlaat, sal elke ekspedisielid 'n beëdigde verklaring onderteken dat hy niks behalwe sy persoonlike klere, die beskermende klere wat aan hom persoonlik uitgereik is en die waardevolle artikels soos by (a) uiteengesit, na Suid-Afrika terugbring nie.

(c) Geen ongebruikte noodklerasie, voedsel, gereedskap of enige ander toerusting mag van die basis verwyder word nie afgesien van die toestand daarvan.

(d) Indien die vermoede bestaan dat 'n ekspedisielid ongemagtigde toerusting tussen sy bagasie het, sal die leier reël dat die Doeanebeamptes sy bagasie ondersoek. Indien enige basisuitrusting gevind word, sal daar verder teen die ekspedisielid opgetree word in ooreenstemming met die wette op diefstal en meineed.

7.9 Beskermende en ander klere word in Kaapstad aan ekspedisielede uitgereik. 'n Lys daarvan verskyn elders in die handleiding. Daaruit blyk dit dat dit nie nodig is om veel persoonlike klere saam te neem nie.

7.10 Klere wat aan 'n ekspedisielid persoonlik uitgereik is, bly sy eiendom.

7.11 Dit word slegs van ekspedisielede verwag om hul eie toiletbenodigdhede saam te neem.

7.12 Die klere waarvan ekspedisielede voorsien word, is van 'n hoë kwaliteit. Beskermende klere is duur en derhalwe verwag die Departement dat dit behoorlik in stand gehou sal word. Daar is 'n naaimasjien by die basis beskikbaar.

7.13 Om te verseker dat klere goed hou, moet in die eerste plek daarvoor gesorg word dat die regte klere vir die regte omstandighede gebruik word. Verder, gebruik oorpakke en growwe klere vir ruwe werk en om die fyner kledingstukke te beskerm.

16/.....

Hoofstuk 8

Noodtoestand

8.1 In geval van nood en waar die veiligheid van die ekspedisie of die basis bedreig word, is die leier gemagtig om, as die toestand dit vereis, alle wetenskaplike programme te staak en alles in die stryd te werp om die noodtoestand die hoof te bied. As 'n ekspedisie in die veld is, sal hulle indien die leier so besluit, dadelik na die basis terugkeer.

8.2 Deur gereelde en doeltreffende inspeksies kan meeste noodtoestande verny word. Inspeksies is dus noodsaaklik en dit bring mee dat sake vroegtydig reggestel kan word voordat 'n noodtoestand ontstaan.

8.3 In geval van nood en wanneer daar na 'n redelike tyd nie met ZUD in verbinding getree kan word nie, moet verbinding met Kaapstadradio (ZSC) bewerkstellig word. ZSC mag alleenlik opgeroep word nadat die leier die nodigheid daarvoor uitgevaardig het.

8.4 Die radiobediener moet toesien dat hy vertroud is met al ZSC se frekwensies en dat ten minste een ander ekspedisielid vertroud is met hierdie noodprosedure.

8.5 Sodra daar met ZSC in verbinding getree is, moet hy versoek word om op enige van die normale bedryfsfrekwensies van die betrokke stasie te luister.

8.6 Nadat daar vir die tweede maal met ZSC kontak gemaak is, moet hy versoek word om ZUD onmiddellik in kennis te stel om met die stasie wat in nood verkeer in verbinding te tree.

8.7 Dit is raadsaam om ZSC te versoek om wag te hou totdat verbinding met ZUD bewerkstellig is.

8.8 Die grootste enkele gevaar in Antarktika is brand.

8.9 Brande kan voorkom word, maar alleen indien alle ekspedisielede ten alle tye brandbewus is.

8.10 Aangesien 'n brand by die basis rampspoedige gevolge vir

17/.....

die hele ekspedisie kan hê, is dit lewensbelangrik dat elke lid die gevaar van brand terdeë besef en dat almal daartoe bydra om brandgevaar te voorkom.

8.11 Die Departement van Vervoer sal n Brandbestrydingsbeampte aanstel in oorleg met die leier. Dit word van alle spanlede verwag om hul volle samewerking aan die beampte te gee ten einde sy pligte suksesvol uit te voer. Alle voorskrifte met betrekking tot die voorkoming en bestryding van brand sal stiptelik nagekom word.

8.12 Na aankoms by die basis sal die vertrekkende Brandbestrydingsbeampte die beampte wat by hom oorneem op hoogte bring van die posisie van alle brandbestrydings- en hulpapparaat soos brandblussers, asemhaalapparaat, asbespakke, toue, fluitjies, kortom, alle apparaat wat voorsien is om die basis brandvry te hou sowel as noodrantsoene ens.

8.13 Enige items wat aandag sal verg, moet onmiddellik aan die nuwe Brandbestrydingsbeampte gerapporteer word en moet aandag geniet voordat die skip Antarktika verlaat. Enige toerusting wat nie in n behoorlike werkende toestand geplaas kan word nie, moet onmiddellik na die Republiek gestuur word met n breedvoerige verslag oor die toestand daarvan en die rede waarom dit buite werking is.

8.14 Die brandblustoerusting is met n bepaalde doel op strategiese punte in die basis geplaas. Dis derhalwe noodsaaklik dat die toerusting daar gelaat word en dat elke ekspedisielid hom vergewis van die werking en posisie daarvan. Die volgende tipes brandblustoerusting word tans voorsien en moet soos volg hanteer word :

BRANDBLUSSERS

8.15 Droë poeier (20lb) druktipe. Hierdie blussers is nie herlaaibaar in Antarktika nie. Die hele silinder is onder druk en is gereed vir regop gebruik nadat die seël gebreek en die hefboom afgedruk is. Tydens die gereelde inspeksies moet seker gemaak word dat die plastiek-spuitstuk nog stewig aan die silinderwand vas is aangesien dit geneig is om los te gaan onder die koue

18/.....

toestande. Die drukmeter sal aantoon of die lading van die blusser nog in orde is.

8.16 Koolstofdioksiedblussers (5 lb en 10 lb). Hierdie blussers is ook nie herlaaibaar nie en het ook n baie eenvoudige inwerkingstelmeganisme.

8.17 Waterblussers (Koolstofdioksied aangedrewe). Hierdie blussers is die enigste herlaaibare tipe by die basis. Die hervulling is baie eenvoudig. Vul die blussers tot by die aangewese merk met water. Voeg die anti-vriesmiddel by soos aangedui op die houer. Skroef n verseëlde koolstofdioksiedsilinder in, verseker dat dit goed vas is en skroef dan weer die kop van die blusser op en sorg dat die veiligheidsmeganisme in die korrekte posisie is. Die water wat gebruik word moet vry wees van enige onsuiwerhede.

8.18 Droë poeierblussers is veral geskik vir bestryding van brande waarby vloeibare brandstof, byvoorbeeld petrol en olie, betrokke is, maar kan op enige ander brand gebruik word.

8.19 Koolsuurgas is by uitstek geskik vir brand in elektriese en delikate apparaat omdat dit geen nadelige spoor nalaat nie.

8.20 Waterblussers is nie geskik vir vermelde brande nie, maar wel vir brande waarby vaste brandstof soos hout, papier en lap betrokke is.

ASBESKOMBERSE

8.21 Die asbeskomberse moet alternatiewelik weekliks uitgeruil word met die een in die kragkamer sodat dit kan ontdooi. Dit kan nuttig aangewend word om n brand mee te smoor en om te dien as hittewering tydens reddingswerk.

ASEMHALINGSAPPARATE

8.22 Daar is twee tipes apparate in die basis. Hierdie instrumente is waardevolle apparaat ten tye van n brand, derhalwe moet daar gesorg word dat dit altyd in n puik toestand verkeer. Sorg dat dit altyd skoon is en dat dit vry is van ys. Gaan gereeld na of die druk nog voldoende is en indien nodig vervang die silinder met n reserwe een in die basis. Onder geen om-

19/.....

standighede moet daar gepoog word om die leë silinders te vul met lug uit enige ander bron nie. Dit kan baie nadelig wees onder Antarktiese toestande.

NOODKAS

8.23 Die Brandbeveiligingsbeampte moet toesien dat daar 'n kas is waarin daar 'n asemhalingsapparaat en 'n 20 lb. droë poeier brandblusser gehou word. Hierdie apparate moet stewig in die kas vas wees sodat dit orals heen vervoer kan word soos byvoorbeeld na die substasie. Aan die kas moet daar 'n stewige tou vas wees sodat die kas byvoorbeeld by die substasie binne in die basis kan bly maar die tou moet bo by die luik vasgemaak word sodat die kas opgehys kan word ingeval van nood.

OUTOMATIESE KOOLSTOFDIOKSIEDBRANDBLUSSTELSEL

8.24 'n Afsonderlike handleiding in die verband sal aan die dieselwerktuigkundiges gegee word.

BRANDBEVEILIGING VAN DIE BASIS

ONMIDDELLIK

8.25 Die nuwe Brandbestrydingsbeampte moet met die leier reël om 'n bestrydingsoefening so spoedig moontlik te laat plaasvind, in elk geval voor 'n tydperk van 48 uur na oorname van die basis verstreke is, dit wil sê voor die vertrek van die skip. Hierdie oefening moet in elke deel van die basis uitgevoer word ten einde ekspedisielede bekend te stel met die stappe wat in noodgevalle gedoen sal word.

DAAGLIKS

8.26 Die Brandbestrydingsbeampte is verantwoordelik vir die veiligheid van die geboue teen brand. Gevolglik moet hy (of ander wat volgens 'n rooster met die leier gereël is) alle kamers van die hoofgebou elke nag inspekteer op 'n tydstip nadat die laaste persoon bed toe is. Indien iemand anders die inspeksie volgens rooster uitvoer, moet die Brandbestrydingsbeampte, voordat hyself gaan slaap, sekor maak dat die persoon ten volle op hoogte is van wat van hom verwag word. Daar sal altyd 'n ekspedisielid snags aan diens wees en gereelde inspek-

20/.....

sies in die basis uitvoer.

WEEKLIKS

8.27 Die Brandbestrydingsbeampte moet die basis noukeurig inspekteer en alle stappe doen om brandgevaar uit te skakel. Vuilis moet nie toegelaat word om op te hoop nie.

8.28 Olie mag nie drup of poele op die vloer vorm nie. Indien daar 'n moontlikheid van so 'n toestand mag ontstaan, moet drupbakke voorsien word.

8.29 Hy moet toesien dat waar rook toegelaat word, behoorlike asbakke gebruik word.

8.30 Hy moet toesien dat beamptes altyd brandbewus bly en sal gevolglik weekliks die aandag op gevaarpunte vestig. Die metode van aanbieding wat gevolg sal word om verveling uit te skakel vanweë die gedurige herhaling, sal aan die Brandbestrydingsbeampte oorgelaat word. Kyk ook na die "algemene" paragraaf.

8.31 Gereelde oefeninge, minstens een keer elke twee weke, moet deur die brandbestrydingsbeampte gereël word. Al die ekspedisielede moet, sover moontlik, by sodanige oefeninge betrek word.

8.32 Brandoefeninge sal onder andere die volgende insluit -

(i) Aanwys van spesifieke pligte.
(ii) Reagering op 'n toetsalarm.
(iii) Inneem van voorafbepaalde posisies.
(iv) Gebruikmaking van in- en uitgange.
(v) Skynhantering van toerusting.
(vi) Skynredding (persone en voorrade).
(vii) Skynnoodhulptoepassing.

LW.

8.33 Omdat, in die geval van 'n brand in die basis, verstikkende rook en gasse heelwaarskynlik die vernaamste struikelblok in die weg van brandbestryding en reddingswerk sal wees, moet oefeninge, deur gebruikmaking van asemhalingstoestelle, veral in daardie rigting toegespits word.

21/.....

MAANDELIKS

8.34 Dit is nie wenslik om brandblussers te ontlaai nie, aangesien hulle spesiaal gelaai is om Antarktiese toestande te weerstaan, maar elke spanlid moet die blussers hanteer asof om hom met die gebruik daarvan bekend te stel.

OPTREDE IN GEVAL VAN 'N BRAND

8.35 Vanuit die staanspoor moet daar baie duidelik besluit word wat as n brandalarm beskou word. Hieroor mag daar geen misverstand wees nie.

8.36 In geval van n brand moet daar n baie duidelike verdeling van pligte wees. Die volgende dien slegs as leidraad. Elke ekspedisielid moet duidelik verstaan wat van hom verwag word en die hele uiteensetting moet op die kennisgewingbord aangebring word.

8.37 Die volgende indeling vir n ekspedisie van 16 lede kan moontlik gebruik word :

1 lid as brandbeveiligingsbeampte
3 lede vir brandblusspan
2 lede as helpers
2 lede vir asemhalingsapparaat
1 radio-operateur)
1 dokter) vir diens by uitgange
1 werktuigkundige)
1 werktuigkundige by installasies
2 lede vir soekgeselskap
2 lede vir verwydering van dokumente en klere.

8.38 Almal haas na die woonkwartier (eerste keuse), die danssaal (tweede keuse) of dan na die uitgang by die noodkragkamer. Almal moet so gou moontlik uitkom maar met soveel moontlik klere aan. Hier sal die brandbeveiligingsbeampte of die leier nagaan wie nie teenwoordig is nie asook om ander opdragte uit te reik.

8.39 Die drie manne wat aangewys is om die brand te bestry, gaan egter onmiddellik na die brand, maar hulle moet sorg dat

22/.....

hulle op pad soontoe aan iemand sê dat hulle alreeds met hul taak besig is. Hierdie drie manne moet die werking van elke tipe brandblusser op elke tipe brand baie deeglik ken.

8.40 Dit sal twee manne se taak wees om die drie manne wat met die bluswerk gemoeid is onmiddellik te gaan help nadat hulle aangemeld het. Hierdie twee moet addisionele blussers aandra of enige ander toerusting wat deur die bestryders benodig word. Dis dus duidelik dat hierdie twee presies moet weet waar alle toerusting op die basis is.

8.41 Twee manne moet ook aangewys word om onmiddellik twee asemhalingsapparate te neem en na die brand te gaan aangesien rook die oorweldigende faktor is by n brand. Die apparate moet vinnig maar sorgvuldig aangetrek word sodat dit absoluut betroubaar is. Die aanstelling van hierdie twee manne sal deur een faktor bepaal word, naamlik die persoon se baard. Die twee manne met die kleinste of geen baard sal dus vir hierdie taak aangewys word. Dit kan dus beteken dat daar verandering van pligte sal wees soos wat lede hul baard afsny. Die twee manne moet regstaan om die gebied van die vuur binne te gaan maar hulle moet altyd twee-twee wees en wanneer een alleen vorentoe beweeg moet hy met n tou aan die ander verbind wees en hierdie twee mense moet n baie besliste kode met die tou hê soos byvoorbeeld :

Een kort plukkie - alles nog reg - laat skiet
Twee harde plukke - gevaarlik ek kom uit
Drie kort plukkies - stuur die ander apparaat in.

8.42 Die radiobediener, n werktuigkundige en die dokter moet na die luike gaan met toue en moet wag op bevele om die luike toe te maak soos wat omstandighede dit vereis.

8.43 Die tweede dieselwerktuigkundige moet toesien dat alles nog onder beheer is in die kragkamer, indien brand nie daar is nie, in welke geval hy onmiddellik na die noodkragkamer moet gaan en daardie eenheid aan die gang kry.

8.44 Indien daar manne vermis word, moet ten minste twee aangesê word om na hulle te gaan soek sodat vasgestel kan word of hulle nie dalk in die brand vasgekeer is nie.

23/.....

8.45 Die laaste twee manne moet gereed wees om op bevel van die leier belangrike dokumente wat op bepaalde plekke gehou word waarvan hulle vooraf kennis dra, te verwyder en as die tyd en omstandighede dit toelaat moet addisionele klere ook verwyder word.

ALGEMEEN

8.46 Die Brandbestrydingsbeampte moet toesien dat die volgende brandvoorsorgmaatreëls nagekom word en daarom word dit van alle spanlede verwag om na die beste van hul vermoë saam te werk :

(1) daar moet streng op rookgewoontes gelet word. Ten alle tye moet asbakke gebruik word wat gereeld leeggemaak moet word. Almal moet probeer om die gewoonte aan te leer om 30 minute voor slaaptyd nie meer te rook nie. Dit is om die enkele geval van 'n laaste sigaret of pyp wat tot 'n verwoestende brand aanleiding mag gee, uit te skakel.

(2) Die Brandbestrydingsbeampte mag nie toelaat dat die elektriese bedrading verander word nie tensy goedkeuring van die Departement van Vervoer verkry is of 'n DOW-inspekteur die verandering ter plaatse goedkeur. Kyk ook par. 7.2.

(3) Die Brandbestrydingsbeampte moet toesien dat niemand by die basis enige elektriese, gas- of olie-aangedrewe apparaat gebruik wat moontlik 'n brand kan veroorsaak nie tensy dit spesifiek vir gebruik deur die Sekretaris van Vervoer goedgekeur is.

(4) Die Brandbestrydingsbeampte moet toesien dat ontvlambare vloeistowwe slegs in die goedgekeurde plekke gebruik en gebêre word. Hy moet homself daarvan vergewis dat brandstofopslagplekke goed genoeg versprei is ten opsigte van mekaar en moontlike bronne van gevaar, om die verspreiding van brand te voorkom.

(5) Die Brandbestrydingsbeampte moet voortdurend waak teen die volgende gewoontes wat maklik aanleiding

24/.....

tot 'n brand kan gee. Ekspedisielede word dringend versoek om hom by te staan om hierdie gewoontes uit te skakel :

(a) Trek vuurhoutjies altyd afwaarts, naby aan die dosie. Moet nooit 'n vuurhoutjie opwaarts trek nie; dit kan breek en 'n brand veroorsaak voordat die brandende koppie geblus kan word.

(b) Let daarop dat 'n vuurhoutjie dood is voordat dit weggegooi word - in 'n asbakkie.

(c) Druk sigaretstompies dood. Maak pype leeg voordat u dit na 'n rokie neersit.

(d) Ledig asbakkies sodra hulle vol is en nie in houers wat papier of ander ontvlambare materiaal bevat nie.

(e) Moenie iets in die donker met behulp van vuurhoutjies soek nie; gebruik 'n flits.

(f) Rook in beddens is absoluut verbode behalwe as die persoon in die hospitaal is en dan slegs onder toesig.

(g) Rook of oop ligte (vlamme) moet onder geen omstandighede toegelaat word in enige stoor of gebou wat brandbare of ontvlambare voorrade in groot hoeveelhede bevat nie.

(h) Indien enige vloeibare brandstof, lig of verwarmer gebruik word, moet dit nie onnodig in gebruik bly as die gebou of kamer vir 'n ruk verlaat word nie. Indien dit moet bly brand, moet spesiale voorsorgmaatreëls getref word en te alle tye toegepas word, byvoorbeeld die apparaat moet nagesien word voordat die kamer ontruim word.

(i) Klere moet nie gedroog of gelug word voor verwarmers anders as in die goedgekeurde droogkamer nie.

(j) Geen brandblusser of enige apparaat moet verwy-

25/.....

der word van die posisies waarin hulle agtergelaat word nie. Indien n brandblusser gebruik is, verwyder dit onmiddellik van die plek waar dit normaalweg gehou word en stoor dit. Indien dit nie van die herlaaibare soort is nie, moet dit met dieselfde tipe vervang word. Die watertipe blusser kan egter herlaai word (soos voorheen verduidelik) en moet teruggeplaas word op die oorspronklike posisie.

(k) Die afvaldromme moet verwyder word na n gang of elders waar dit nie brandrisiko sal skep nie. Dit moet nie in die kragkamer gehou word nie.

(l) Nooduitgange moet ten alle tye bruikbaar wees.

BRANDBESTRYDINGSBEAMPTE

Die volgende vereistes is veral van toepassing op die Brandbestrydingsbeampte, maar moet altyd deur die wat hom bystaan in gedagte gehou word :

(a) Brandblusapparaat, asemhaalapparaat en alle hulptoerusting moet weekliks nagesien word om te verseker dat dit in n goeie, werkende toestand is.

(b) Daar moet deeglik boekgehou word van alles wat gedoen is met betrekking tot die veiligheid van die basis teen vuur. Die Brandbestrydingsbeampte moet n verslag aan die Departement laat toekom waarin alles uiteengesit is.

(c) Die Brandbestrydingsbeampte moet in oorleg met die leier toesien dat voldoende noodvoorrade komberse, klere, kos, mediese en noodhulptoerusting in geskikte houers in n veilige plek bewaar word. Hierdie plek moet in n noodgeval maklik bereikbaar wees, maar origens moet daar nie mee gepeuter word nie.

Hoofstuk 9

Vervoer

9.1 Die leier magtig die gebruik van vervoer in oorleg met die senior werktuigkundige. Hy sal alleen ekspedisielede wat behoorlik deur die werktuigkundiges onderrig en as bestuurders goedgekeur is, magtig om meganiese vervoermiddels te bestuur. Alle ekspedisielede sal voor die vertrek uit Kaapstad onderrig ontvang in die bestuur van die verskillende voertuie.

9.2 Die gebruik van honde en sleë sal alleen gemagtig word as daar 'n bevoegde persoon beskikbaar is wat in staat is om die honde te hanteer.

9.3 Die werktuigkundiges se opdragte in verband met die hantering van voertuie moet stiptelik nagekom word.

9.4 Geen voertuig mag die basis verlaat sonder dat dit vergesel is van 'n werktuigkundige nie wat dan ook as bestuurder van die voertuig sal optree.

9.5 Na elke voltooide rit moet die verantwoordelike persoon wat die voertuig bestel het, sorg dat die defekte op die betrokke voertuig se TV 6/1-werkkaart vir die betrokke maand aangebring word - 'n voorbeeld verskyn in die bylaag.

9.6 Die senior werktuigkundige of werktuigkundige sal so gou moontlik die opdragte wat op die TV 6/1-werkkaart aangebring is, uitvoer en agterop die werkkaart die onderdele invul wat nodig was om die voertuig te herstel.

9.7 Die senior werktuigkundige sal verantwoordelik wees vir die bestelling sowel as uitreiking van onderdele. Hy sal ook ten minste een maal per jaar, voordat hy sy bestelling plaas, dit wil sê ongeveer Junie/Julie, die Departement voorsien van sy fisiese voorraad.

9.8 Elke voertuig moet voorsien wees van 'n kassie wat noodonderdele bevat. Daar word voorgestel dat die volgende onderdele altyd daarin beskikbaar sal wees :

27/.....

1 klos
1 kondensator
6 vonkproppe
6 waaierbande
1 verdelerkop
1 stel pinte
1 dryfas
1 vergasser
1 brandstofpomp
boute en moere
vriesweermiddel.

9.9 Sodra daar van bogenoemde onderdele uit die kassie verwyder word, moet dit deur middel van die TV6/1-werkkaart vir die betrokke voertuig aangevul word uit die voorraad by die basis.

9.10 Voordat n voertuig gebruik word, moet die bestuurder toesien dat daar voldoende brandstof, olie en vriesweermiddel in is asook oorlewingstoerusting, dit wil sê kos, klere ens.

9.11 Die bestuurder van die voertuig moet ook na elke rit die logboek wat in die kajuit van die voertuig gehou word voltooi, dit wil sê die rit onderneem na ..... en enige defekte ondervind. n Voorbeeld verskyn in die bylaag.

9.12 Werkkaarte moet maandeliks afgesluit word. Hulle moet maandeliks deur die leier en senior werktuigkundige nagegaan en geparafeer word.

9.13 Die voltooide werkkaarte en logstate moet aan die einde van elke ekspedisie aan die Departement terugbesorg word deur die leier.

9.14 Die twee swakste Muskegs en motorsleë moet aan die einde van elke ekspedisie na die Republiek teruggestuur word vir algehele opknapping. Daar moet betyds met die Departement in dié verband oorleg gepleeg word.

28/.....

Hoofstuk 10

Medies

10.1 Mediese sake is uitsluitlik die geneesheer se verantwoordelikheid maar die leier is verplig om toe te sien dat die voorskrifte nagekom word.

10.2 Voor vertrek na Antarktika sal die geneesheer 'n kort opknapperskursus by die Geneesheer-generaal ondergaan.

10.3 Die geneesheer moet sorg dat mediese voorraad en instrumente agter slot en grendel gehou word. Gewoontevormende medisyne moet veral deeglik beheer word en die nodige register soos voorgeskryf deur die Geneeskundige Raad moet bygehou word.

10.4 Indien die geneesheer hulp uit Suid-Afrika nodig het, moet die Sekretaris van Vervoer versoek word om mediese bystand te reël. Die soort mediese bystand wat verlang word moet gespesifiseer word. In die geval moet gereelde kontak met Derdepoortradio bewaar word.

10.5 Tydens ongevalle of beserings aan diens word ekspedisielede van Departementswee gedek deur die Ongevallekommissaris kragtens die bepalings van die Ongevallewet.

10.6 Alle ongevallevorms, dit is WCL-vorms, behoort soos volg voltooi te word :

(a) Rapport van ongeluk - word deur werkgewer voltooi.

(b) Eerste vorderings- en finale mediese verslae word deur die betrokke geneesheer voltooi.

10.7 By SANAE kan die leier aan die vereiste by (a) voldoen en die geneesheer aan (b). By terugkeer in die Republiek moet die reeds voltooide vorms aan die Departement oorhandig word vir finale afhandeling. Die geneesheer moet seker maak dat daar voldoende vorms by die basis beskikbaar is.

10.8 Daar moet ook deeglik rekord gehou word van enige siektetoestand wat voorgekom het en behandeling insluitende die toediening van medisyne, wat toegepas is. 'n Kaartrekord volgens die voorbeeld in die bylaag, moet ten opsigte van elke ekspedi-

29/.....

sielid bygehou en na afloop van die ekspedisie aan die Departement oorhandig word.

10.9 Daar moet ook register gehou word van die uitreiking van alle medisynes. Die inligting moet na afloop van die ekspedisie aan die Departement oorhandig word.

30/.....

Hoofstuk 11

Amptelike Korrespondensie en Telefoonverbinding

11.1 Alle berigte, behalwe persoonlike briewe aan naasbestaandes en vriende in die Republiek, word aan die Sekretaris van Vervoer gerig. Geen berig word direk aan enige staatsdepartement of enige ander instansie wat met Antarktiese Sake gemoeid is, gerig nie. Die Sekretaris van Vervoer se kodeadres moet gebruik word, naamlik PAHQYSEG.

11.2 In geval van nood buite kantoorure moet die boodskap gerig word aan die noodadres wat aan elke ekspedisie bekend gestel sal word. Tans is dit mnr. C.J.J. van Rensburg, Mofinhof 15, Troyestraat, Sunnyside, Pretoria, telefoon 49882.

11.3 Amptelike berigte kry voorkeur bo alle ander berigte en persoonlike briewe. Navrae deur die Sekretaris van Vervoer moet onmiddellik aandag geniet.

11.4 Die volgende voorrang geld ten opsigte van berigte :

(a) Dringende administratiewe berigte.
(b) Weerkundige en seismologiese gegewens.
(c) Algemene administratiewe berigte.
(d) Algemene wetenskaplike resultate.
(e) Privaatkorrespondensie en telegramme.

11.5 Die radiobediener sal nie n berig afstuur nie tensy dit deur die leier geparafeer is.

11.6 Amptelike radiotelefoonverbinding vind tweeweekliks tussen ekspedisielede en meeste van die programdirekteure plaas. Tydens hierdie oproepe moet ekspedisielede hulle beperk tot hulle spesifieke navorsingsprogramme en nie oor koeitjies en kalfies gesels nie.

31/.....

Hoofstuk 12

Privaatkorrespondensie, Blombestellings en Radiotelefoonverbinding

12.1 Ekspedisielede mag elke week kosteloos briewe van familielede en/of vriende ontvang en ook aan hulle stuur. Die volgende voorwaardes moet egter nagekom word :

(i) Al die briewe saam mag nie 150 woorde oorskry nie. Indien 'n ekspedisielid se kwota vir 'n bepaalde week reeds vol is en nog briewe word ontvang, sal hulle noodwendig tot die volgende week oorgehou word en dan oorgesein word mits sy kwota vir daardie week dit toelaat. Ekspedisielede moet dus gepaste reëlings met korrespondente tref om die beperking van 150 woorde per week te handhaaf.

(ii) Amptelike berigte geniet voorkeur bo briewe.

12.2 Privaatkorrespondensie mag op geen ander wyse as deur bemiddeling van die Departement van Vervoer gestuur word nie.

12.3 Voor hulle vertrek uit die Republiek moet ekspedisielede die volgende onder aandag van hul korrespondente bring :

(i) Alle briewe vir versending na Antarktika moet gestuur word aan :

Mnr. (naam van ekspedisielid), SANAE ...,
P/a. Die Algemene Afdeling,
Departement van Vervoer,
Privaatsak 193,
PRETORIA.

(ii) Briewe moet òf getik, òf in drukskrif geskryf wees. Die naam van die persoon aan wie die brief gaan asook waar hy gestasioneer is, moet ook duidelik op die brief verskyn, byvoorbeeld brief aan B. Benade, Antarktika. Aan die einde van elke brief moet korrespondente duidelik die aantal woorde aandui.

12.4 Briewe wat onduidelik is of waarvan die aantal woorde nie aangedui is nie, sal nie versend word nie.

32/.....

SCAR's headquarters are at the Scott Polar Research Institute in Cambridge, England. SCAR is composed of a number of working groups covering various fields of scientific research. These are biology; communications; geodesy and cartography; geology; geomagnetism; glaciology; logistics; meteorology; oceanography; solid earth geophysics, and upper atmosphere physics.

Twelve countries interested in Antarctic research have permanent delegates to SCAR — Argentina, Australia, Belgium, Chile, France, Japan, New Zealand, Norway, South Africa, the United Kingdom, the United States of America and the USSR. The participating countries prepare annual reports for SCAR and delegates meet every two years to exchange information gained from research work in Antarctica and to make arrangements for future programmes. In addition, the observational or scientific data from all Antarctic stations are deposited in the established world data centres and are available to all on request.

The CSIR, through its Science Co-operation Division, adheres to SCAR on behalf of South Africa. The President of the CSIR, Dr S. M. Naudé, is chairman of the SA Scientific Committee for Antarctic Research. South African Antarctic research programmes and expeditions are administered by the SA Department of Transport on the advice of the Scientific Committee for Antarctic Research of the CSIR, and financed by a special fund allocated by the South African Government to Antarctic research.

AARDSKOKKE OP YSBANK GEREGISTREER

DY SANAE is daar vandag die enigste seismologiese sinsie in die wêreld waar aardskokke suksesvol op 'n drywende ysbank geregistreer word. Hierdie gestandaardiseerde seismograaf maak deel uit van 'n gekoördineerde wêreldwye netwerk van die Verenigde State se Coast and Geodetic Survey en is in 1964 by SANAE geïnstalleer.

Aanvanklike probleme as gevolg van die onstabiele bodem sowel as knateling van die instrumentbasis op die onvaste sneeu en steurings as gevolg van windvibrasie op die gebou het veral die Langperiode-sisteem aanvanklik baie nadelig beïnvloed. Deur gedurige verstellinga en veranderings is die seismograwe egter by die ongewone omstandighede aangepas.

SANAE is veral goed gelê om skokke in die seismies-aktiewe Midde-Atlantiese Ruggebied te registreer. Daar is gedurende Maart verlede jaar byvoorbeeld reeds ses noemenswaardige skokke in die omgewing van Bouvet-eiland waargeneem.

Gedurende 1965 is daar in 'n periode van 8 maande sowat 190 aardskokke geregistreer. Hierdie skokke het voorgekom van Alaska tot in die Suid-Atlantiese gebied. Ook die kernbomontploffing, Operation Longshot (Oktober 1965), is duidelik op SANAE geregistreer.

STUDIE VAN LEWE IN DIE KOUE SUIDE

BEHALWE vir losstaande brokkies inligting wat deur enkele ontdekkingsreisigers en wetenskaplikes ingewin is, het Antarktika en sy satelliet-eilande ook op biologiese gebied tot onlangs toe onontdek gebly. Eers sedert die IGJ kon die wetenskap die sluier begin lig oor die verskillende vorms van lewe in die ydige Antarktika self en op die onherbergsame, windgeteisterde eilande rondom.



'n Statige keiserpikkewyn.

DIE geheime wat die groot yskontinent en die omliggende eilande so lank al ook op die gebied van die biologie bewaar, word tans stelselmatig deur die wetenskap ontrafel. Ook Suid-Afrika se wetenskaplikes is met hierdie verkenningswerk gemoeid. Op die vasteland van Antarktika self het die Republiek nog nie veel biologiese verkenning gedoen nie; 'n spesiale ekspedisie het egter in 1965/66 'n omvattende studie gaan maak van die verskillende vorms van lewe op die eilande Marion en Prins Edward en vroeg hierdie jaar is ook 'n oppervlakkige studie van Bouvet ondernoem. Die resultate van eersgenoemde ekspedisie wek reeds aansienlike belangstelling buite Suid-Afrika en word tans in samewerking met buitelandse deskundiges verwerk.

Marion en Prins Edward is tipiese sub-Antarktiese eilande, ongeveer 1,200 myl ten suide van Kaapstad gelee en net noord van die sogenaamde Antarktiese Konvergensiegebied waar die koue seewater rondom Antarktika met die warmer see se waters saamloop. Marion is sowat 150 vk myl groot en Prins Edward (twaalf myl noord-noordoos van Marion af) ongeveer 16 vk myl. Suid-

Afrika het hierdie twee eilande in 1948 amptelik geannekseer.

Die eilande is onderhewig aan 'n koel, stormagtige, seemikses klimaat. Oorheersende westewinde bring swaar reën- en sneeubuie — almal faktore wat die plantegroei geweldig beïnvloed — en die fauna en flora wat daar voorkom, is dan ook baie arm aan spesie maar tog merkwaardig vir hierdie breedtegraad.

Oorsprong

Wetenskaplikes gis lank reeds oor die oorsprong van plantegroei op afgesonderde eilande. 'n Teorie dat saad en spore oor lang afstande deur wind en trekvoëls versprei word, vind tans, bv. op grond van die resultate met die ringery van trekvoëls behaal, al hoe meer aanslag.

Die suksesvolle „immigrasie" van plante na eilande soos die sub-Antarktiese groep is egter baie moeilik aangesien nuwe aankomelinge uiters moeilike omgewingstoestande moet oorkom. Geen wonder dus nie dat slegs 23 spesies vatbundelflora (d.w.s. hoër ontwikkelde plante waarvan varings een van die eenvoudigste voorbeelde is) op Marion en Prins Edward voorkom nie. Slegs twee van hierdie plantsoorte is endemies aan dié eilande, m.a.w. hulle kom nie op ander sub-Antarktiese eilande ook voor nie.

Soorte

Die plantegroei op die Suid-Afrikaanse eilande bestaan uit 'n paar soorte grasse, varings en biesies, enkele blommende struik- en kruidsoorte en mosse. Oor die algemeen bestaan die plantegroei uit kussingagtige toendra-tipe plante en uit kruidplante, hoewel die kriptogame domineer, d.w.s. plante wat met spore, en nie saad nie, voortplant. Op die werklike Antarktiese eilande verder suid van die Antarktiese Konvergensie kom uiters min plante vanweë die koue voor en die meeste van hulle is dan ook kriptogame.

Die biologiese ekspedisie het op Marion 'n laboratorium ingerig en 15 maande lank daar onder moeilike omstandighede soos sneeustorms, digte mis, reën en stormwinde hul werk gedoen. Die ekspedisie se program het eerstens die versameling behels van verteenwoordigende monsters van al die plant- en diersoorte op die eiland. Monsters is versamel van die paar blommende plante en varings, die talryke mossoorte, lewer- en korsmosse, see- en varswateralge, swamme en andere, asook van die ongewerwelde land- en seediere ensovoorts.

Nog 'n belangrike aspek van die biologiese program was om 'n studie te maak van die plantgemeenskappe en hul mikroklimaats- en chemiese omgewings. Die uitloogeffek van reënwater op sekere plantgemeenskappe, die invloed van onafgebroke soutstuifsel op die plante langs die kuste of van die gekonsentreerde chemiese inwerking van pikkewyn- of robmis op plante in die omgewings van broeiplekke is maar 'n paar voorbeelde van wat bestudeer is.

Talle faktore wat ekologies op plantegroei inwerk, bv. ryp, windkragte, afsondering en blootstelling kan op hierdie eilande onder ideale toestande bestudeer word. Die windgeteisterde hoë luwariuwwe, die moerasse, die gehiede wat met eilandgrond bedek is, die hoë, blootgestelde klippieshellings waar die skaars plante onder luwabrokke skuil — dié is almal voorbeelde van die verskeidenheid plantgroeiplekke wat vir die bioloog besonder interessant is.

So lyk Marion-eiland van die see a duid

'n Ander belangrike gedeelte van die biologiese program was die studie van die plant- en klimaatsgeskiedenis van die eilande. Met hierdie doel voor oë het wetenskaplikes bv. vanaf aluminiumplatforms op die sagte moerasveen kern uitgeboor wat gebruik is vir die ontleding van gefossileerde stuifmeel en spore en vir ouderdomsbepalings met behulp van radiokoolstoftegnieke. Hierdie werk het reeds hoelwat inligting opgelewer aangaande die ouderdom van dié twee vulkaniese eilande, hul klimaat in vroeër eeue, die aanvang van plante- en dierelewe daarop en allerlei ander onderwerpe.

Die voëls

Die voëlbevolking van die twee eilande saam slaan mens se asem skoon weg. Letterlik tienduisende pikkewyne, seemeeue, albatrosse, seeswaels en ander voëls lewe van die produkte wat die ryk suidsee oplewer en illustreer die tussenverband van die eilande se ekosisteel met dié van die see. Die voëls oefen 'n groot invloed uit op die eilande se plantgemeenskappe en die voortplanting daarvan, en ook op die gronderosieproses.

Altesaam 34 soorte voëls (merendeels seevoëls), is op die eilande opgemerk. Van hulle broei 25 soorte op die eilande. Die ornitoloog wat

'n See-olifant lê lui-lekker in die sa Marion-eiland. Kalfies weeg by geb sowat 80lb. Na slegs 23 dae weeg gewig toe tot ongeveer 450lb

Geboue van die weerkundestasie is tar.

die ekspedisie meegemaak het, het 'n aantal van die voëls se broeiplekke en gewoontes noukeurig bestudeer en interessante gegewens aan die lig g ng.

Die meeste van die voëls (21 van die 25 soorte) lewe geheel en al van vis en ander seevoedsel, drie soorte lewe gedeeltelik van seekoskse en gedeeltelik van insekte en plantmateriaal terwyl net die klein yshoendertjie sy kos slegs op land soek. Laasgenoemde voëlsoort verwissel sy somerdieet van pikkewyneiers en -kuikens, dooie voëltjies, robkleintjies en -afval in die winter vir 'n maaltyd van erdwurms en insekte wat in groot getalle onder die mostapyt oor die moerasse voorkom.

Twee soorte eilandvoëls — die Gentoo-pikkewyn en die swart-albatros — se gedrag, hofmaakgewoontes, nesboumetodes en aktiwiteite in die broeiplekke dwarsdeur die dag is in fyn besonderhede bestudeer. Ook is digby 'n ^risend albatrosse en reuse stormve.. met beenringe gering asook meer as 'n honderd skuas, sodat hul trekgewoontes bestudeer kan word. Daar kan nog baie navorsing oor bv. die lewenswyse van die voëls en die parasiete en siektes waaraan hulle onderhewig is, gedoen word.

Insekte en goggas

Gedurende veldwerktogte het die lede van die ekspedisie ook gereeld aandag geskenk aan die voorkoms van insekte, wurms, spinnekoppe en myte. Laasgenoemde klein goggatjies lewe veral onder lawaskerwe waar die mikroklimaat veel gunstiger is as buitekant. 'n Paar honderd monsters is versamel vir verdere studie.

Die ekspedisielede het ook heelwat tyd aan algemene soölogiese studies, veral van die robbevolking van die eiland, bestee. Die gedrag van die twee soorte robbe op die eilande—die pelsrob en die see-olifant — is noukeurig bestudeer terwyl die wyfies in honderdtalle op die strande aangekom het om te kalf en gedurende die daaropvolgende paar maande is heelwat kennis van hierdie robbe ingewin. Die wyfies verhaar bv. in Januarie en Februarie, gaan dan vort die see in en keer nie weer terug voor Oktobermaand vir die volgende kalfseisoen nie. Die bulle verhaar eers in Maart en April.

Moordvis

Slegs een ander soogdier is deur die ekspedisie opgemerk, nl. die moordvis of „killer whale" wat meer kere tydens die robbe se kalfseisoen en die verhaarperiode van die wyfies rondom die eilande op strooptogte opgedaag het as gedurende die res van die jaar.

Bouvet en Antarktika

Vroeg in hierdie jaar het die Departement van Vervoer ook 'n Suid-Afrikaanse ekspedisie na Bouveteiland, wat aan Noorweë behoort, gereël. Die doel van die ekspedisie was om die moontlikheid te gaan ondersoek om 'n weerstasie daar op te rig, en terselfdertyd het 'n aantal wetenskaplikes die geleentheid gekry om 'n vlugtige biologiese ondersoek van die eiland te maak.

Vanweë sy posisie na aan die poolse ysfront is die eiland byna geheel met ys bedek en kom daar geen vaskulêre plante voor nie. Slegs 'n aantal voorbeelde van verskillende mossoorte, alge en seeplankton kon versamel word. 'n Klein klompie wurms, myte en uiters interessante seediertjies is

Cat and mouse

MICE were accidentally introduced onto Marion Island, but as far as can be ascertained, do not cause much damage to plant and animal life. Cats were later imported in an effort to eradicate the mice. Experience has shown that instead, the cats take a heavy toll of bird life, particularly the smaller species.

gevang, asook 'n witbloedige vis. Ook Bouvet word deur groot kolonies pikkewyne en ander seevoëls en deur robbe bewoon. 'n Interessante waarneming wat lede van die ekspedisie gemaak het, was dat daar op die strande self geen teken van lewe gevind kon word nie; nie eers van uitgespoelde seelewe nie.

Lewe op die vasteland van Antarktika self is maar skraal. Voëls en seediere kom eintlik net om die kus van die kontinent voor, terwyl maar sowat 300 soorte mosse nog daar opgeteken is en vyf sighaar bloeiende plantsoorte, waarvan twee inheems aan Antarktika is. Hierdie plante kom meestal net voor op die bergpieke en -hange wat bo die yskap uitsteek en waarop die wind pikkewynkwano laat neerstuif sodat dié gedeeltes vrugbaar is vir plantegroei. Antarktika se enigste twee blomplantsoorte groei op die westelike gedeelte van die skiereiland, waar die temperatuur en die vogneerslag hoër en dus gunstiger is as elders. Die droogte, snerpende koue, die afgesonderdheid van die kontinent, uiterste temperatuurskommelinge binne kort tydperke en die sterk winde wat groot hoeveelhede sneeu voor hulle uitjaag, is almal faktore wat plantegroei op Antarktika byna onmoontlik maak.

Antarktika se plantegroei bestaan meestal uit mosse. Hier groei 'n paar op 'n rots.

Probing the upper atmosphere

OUT over the South Atlantic Ocean between South Africa, Antarctica and South America, electrons and protons (which are the electrically charged building blocks of matter) coming from the Van Allen Radiation Belts surrounding the earth, plunge closer to the planet's surface than anywhere else. The reason why they do so is because over this region, there is an unexplained weakness or anomaly in the earth's magnetic field. The fact that particles from the Van Allen Belts penetrated deeper into the atmosphere in this region than elsewhere, had been guessed at by Russian and American scientists who had conducted electron counts from space by means of satellites.

But it took a team of South African scientists, headed by Professor J. A. Gledhill of Rhodes University, after an astonishing feat of scientific research and detection, to prove the facts. They were able to do it because the South African National Antarctic Expedition's base in lonely Queen Maud Land is in a unique situation — it is located within the magnetic anomaly area and is ideally situated for studying the effects produced by particles from outer space penetrating deep into the atmosphere.

Nobody knew this back in 1962 *when Rhodes University's Department of Physics under Professor Gledhill, sent an observer to SANAE to take ionospheric measurements. Similar measurements had been taken at other stations operating in Antarctica during the International Geophysical Year without startling results. Some interesting peculiarities had been observed — but nothing which was gauged to be of first-rate importance.*

In fact, everyone thought that the ionosphere over Antarctica was the same as the ionosphere everywhere else.

THE ionosphere is important because it reflects radio waves back to the ground instead of letting them escape into space. Thus it makes long distance radio communication possible. It does this because it contains myriads of electrons. In the ionosphere, the electrons are not all bound to atoms as they are in most types of matter. Some of them are separated from atoms by ultra-violet light from the sun during the day-time. During the night they re-combine to form atoms again, but they do it so slowly that many are left free even just before the dawn of the next day.

It is the presence of these "free" electrons which makes the ionosphere a good reflector of radio waves.

Few free electrons are found in the atmosphere until a height of 60 miles is reached because the sun's ultra-violet rays do not penetrate much deeper than this. The atmosphere between 60 and 80 miles up is known as the E Layer and electrons are found there. Above 140 miles is found the densest layer of electrons of all, known as the F2 Layer.

Maximum

The electron density reaches a maximum at about 200 miles from the planet's surface. At greater distances the concentration declines continually until the atmosphere thins out into empty space.

All this is known because radio waves of various lengths can be reflected off the electrons and returned to earth, which allows their density and distance to be computed. Automatic devices which perform this function at intervals, usually every 15 minutes, are available and are known as ionosondes.

An ionosonde was installed at SANAE with the 1962 Antarctic Expedition and it was not long before regular reports on ionospheric conditions were being received at Grahamstown. Soon, enough data was available to publish a bulletin which was distributed to countries all over the world including Britain, the USA, Australia, Japan, South America and Russia.

Record

Since then, a constant flow of data has been maintained and according to Mr. Hannes la Grange, leader of the first South African Antarctic Expedition, this and subsequent bulletins constituted the fastest publication of Antarctic data known — a record still held by SANAE.

Even with all this activity at SANAE, all that might have been produced was another pile of data had it not been for another South African scientist who went to a cosmic ray conference in Japan in September, 1961. He was Professor Pieter Stoker, Professor of Physics at Potchefstroom University, who listened to a paper presented by a group of Russians headed by Professor Ginzburg, and brought a copy back to South Africa and Professor Gledhill.

It had been suspected, ever since their discovery in 1958 by Professor James Van Allen, that the particles in the radiation belts surrounding the earth must come closest to the surface over the South Atlantic Ocean.

Electrons and protons are trapped in the earth's magnetic field to make up the belts, and perform a complicated type of motion around the globe. There are two radiation belts, the inner one about 1,000 miles and the outer one at a height of about 16,000 miles above the equator.

It was expected that these particles would approach closest to the earth in the South Atlantic region because of the magnetic anomaly which exists there.

Unique position

By using satellites, Ginzburg and his colleagues had discovered that particles really did come close to the earth over this region. The place where the inner belt of particles did this was just east of Rio de Janeiro. But the place where the outer belt did it was only about a quarter of the way from SANAE to Cape Town. At this point the satellites had recorded a sudden increase in the counting rates of electron sensors carried on board — indicating some form of "sinkhole" in the sky into which the radiation particles were raining.

His interest stimulated, Professor Gledhill obtained maps of satellite observations — and he found that one of the major "sinkholes" in the earth's magnetic field was almost directly over SANAE. South Africa was suddenly in a unique position to study the effects produced by incoming particles.

Professor Gledhill and one of his research students, Mr P. van Rooyen, decided on a theoretical basis that the effects would be the emission of a faint light ("airglow") by the oxygen atoms in the upper air and of ultra-violet rays by nitrogen molecules. It also seemed possible that the particle bombardment from space would heat up the ionosphere considerably, and decrease the electron concentration while increasing the height of the F2 layer. This is how they launched out on a difficult road of scientific discovery.

Bombardment

In 1964, it was thought enough data had been accumulated from SANAE to look for the predicted effects of the particle bombardment. But the results were discouraging. Nothing could be found which really looked like the expected changes in the atmosphere. One of the main difficulties was that the scientists had no proof as to whether there was a heavy or light bombardment by particles at any particular time.



A member of SANAE standing next to a radiation recorder. This instrument is used for recording the daily totals of radiation from the sun and sky.

Breakthrough

A breakthrough came when the Rhodes University group asked other scientific workers in the world for satellite particle counter results — and found their answers in a wad of computer-printed figures sent to Grahamstown by a Canadian. They had been obtained from a satellite known as Alouette.

Alouette did not observe particles in the SANAE area directly — but it did so at the other end of the line of force of the earth's magnetic field which runs through SANAE. This "conjugate area" is in the North Atlantic between Newfoundland, Greenland and Iceland.

The Rhodes University scientists counted all the occasions when the satellite had passed through the area. There were 77 such occasions and on 38 of these, the number of electrons counted each second was obviously large. On the remaining 49 orbits it was small.

Now they knew how to interpret the findings from Antarctica and to their delight, the South Africans discovered that on every one of the 28 orbits when the electron count was high, there had been an obvious disturbance of the ionospheric layers at SANAE.

Most of the disturbances looked as if they were the type which Professor Gledhill and Mr Van Rooyen had predicted, showing heating of the F2 region. There was also evidence that the electrons raining downwards from the radiation belts had come as low as 5 miles over SANAE.

This was the first time anyone had proved that electron bombardment produced such ionospheric effects except during aurorae.

The neutron monitor hut at the SANAE base. Every two years the hut has to be raised to compensate for the precipitation of snow.



A paper was prepared on the subject and presented in May, 1965 at an International Space Science Symposium in Argentina — and the scientific world was alerted to the fact that South Africa was working on something important.

Space puzzle

During 1965, the research group started to put together the pieces of the space puzzle. It was able to show that ionospheric disturbances similar to those at SANAE occurred at other places beneath the radiation belt also. These included Campbell Island south of New Zealand; Hulley Bay, not far from SANAE; Winnipeg, Ottawa and St. John's, Canada.

In every case when the satellite Alouette observed electrons being precipitated at one of these places, an ionospheric disturbance was in progress. The disturbances were much less frequent at the other places because they were far from the magnetic anomaly. But when they did occur they were unmistakable.

Ever since the ionosphere had been studied systematically, it had been observed that while the E and F1 layers were predictable in their behaviour, changing in a regular manner each day, the F2 layer was quite different.

Electrons

On one day it would build up an enormous concentration of electrons about noon. On the next, it would have few, perhaps reaching a maximum before 10 a.m. and then falling off again or building up much more slowly than usual and then suddenly increasing in electron concentration towards evening.

Some days it would have its greatest concentration of electrons at a height of 180 miles and at 300 miles the next. The electron concentration also varied from hour to hour. Many explanations had been offered but none had gained general acceptance.

The Rhodes research group asked themselves if the erratic behaviour was caused by electrons being dumped into the F2 region from the Van Allen Belts. This was a difficult question to answer because the group did not have a satellite overhead to watch for incoming electrons. Nor did it have sounding rockets to fire to 100 miles altitude to look for bombarding electrons every time the ionosonde started recording.

So two of the group, Marsha Harding and Douglas Torr, took readings for random two-hour periods from various ionosphere stations and classified them as "disturbed" or "quiet" in the light of the knowledge they had gained from the earlier studies. After working out for each station the percentage of the total time for which the ionosphere was disturbed, they looked up from the Alouette recordings the percentage of the total time for which the number of electrons precipitated per second at each station exceeded the limits, known from the preliminary study to produce a disturbance.

The result was an astonishing victory for scientific detective work.

In every case the two figures were exceedingly close to each other. There could be little doubt that electron bombardment did take place exactly often enough to account for the disturbances.

The Rhodes researchers are busy putting their findings on paper and are confident it will prove to be the key to the puzzle of the odd behaviour of the F2 region. And it was all possible thanks to SANAE.

Marsha Harding went on to show that the electron population observed in the outer radiation belt by various satellites could be accounted for if there was a constant leakage of electrons from outer space into the belt all the way around the earth. The theory is simple to work with and seems to give better answers than more complicated ones worked out by others. Time will tell.

Other South African scientists are also working on the problems involved.

Airborne research

Professor Stoker who sparked off the research programme when he brought back the first clues from Japan, has twice flown in an aircraft deep into the South Atlantic, across the region of the magnetic anomaly, to take direct readings of electron and proton precipitation. On both occasions he was accompanied by Professor P. Zeeman of Stellenbosch University whose responsibility was to observe the predicted airglow phenomena.

On the first occasion they did so late in 1964, there were few magnetic disturbances and precipitation effect were observed. Subsequently a pape on the subject was read by Professo Stoker at an international spac science symposium in Argentina las year.

The flights were repeated in Augus 1965, with much better scientifi equipment and the results are sti being processed. On this occasion, th magnetic field was very quiet, but th measurements taken will provide a excellent background for the precip tation effects observed during the 196 flights.

NOT THE LAST WORD

DESPITE all the research work at SANAE, the last word on cosmic ray penetration there has still to be spoken. This is because since 1964, the Potchefstroom University Group has been continuously monitoring cosmic radio noises of 30 megacycles (or megahertz) with a RIOMETER (relative ionospheric opaque meter) at SANAE.

Their results do not show the same high rate of disturbance found with an ionosonde by the Rhodes Group.

In fact, the absorption of cosmic noise by the ionosphere over SANAE appears to be quite normal when compared with Alaskan observations in the northern aurora, says Professor Stoker.

One Potchefstroom worker, Mr Deon Kuin, could even deduce the position of SANAE in the aurora absorption belt.

Professor Stoker said there was no indication of any enhanced absorbtion at SANAE. This was contrary to the observations of the Rhodes Group and the explanation still had to be found.

Argief in die ys

–Gletserkundiges ontrafel geheime

DIE Antarktiese ys speel 'n sleutelrol in die aarde se warmtebalans. Dit beïnvloed die waat van oseane en lande na die noorde — veral onder Suid-Afrika. Die presiese omvang van hierdie invloed moet nog bepaal word, maar dit is bekend dat koue lug afkomstig van Antarktika die ander landmassas van die suidelike halfrond wel bereik. Gesmelte ys van die Antarktiese oseaan beïnvloed die aangrensende seegebied vir honderde myle in alle rigtings en die vriesing van oppervlakwater dra by tot die vorming van onderstrome en koue lae ver noord van die Antarktiese Konvergensie.

Rand van die Antarktiese yskap. Die mens op die voorgrond staan op die bevrore see.

GLETSERKUNDIGE NAVORSING in Antarktika behels eerstens die geografiese beskrywing van die yskap: bv. die buitelyn van Antarktika en die ysbanke; bepaling van die topografie en hoogte bo seespieël; lokalisasie van individuele landmerke van die yskap en die ysbanke; dikte van die ysmassa; lokalisasie en beskrywing van ysvrye gebiede en die topografie van die landmassa onder die ys.

Tweedens is gletserkundige navorsing gemoeid met die massa-balans van die ys. Belangrike vrae wat in hierdie verband beantwoord moet word, is onder meer of die ysbedekking krimp of groei in ooreenstemming met klimaatverandering — of die reaksies vertraag is of nie — en of dit tans besig is om te krimp of te groei.

Derdens word die vloei van die yslaag en van gletsers bestudeer.

Die geskiedenis van die Antarktiese yskap is ook van belang. Laasgenoemde behels 'n studie van die sneeulae en onderliggende ys deur middel van putte en boorgate. In hierdie verband is dit onder meer van belang om te weet of die Antarktiese ysbedekking in ooreenstemming met die ystydperke van die noorde gefluktueer het.

Rekord van verlede

Die yskern wat uitgeboor word, gee 'n rekord van alle gletserkundige en geofisiese gebeurtenisse oor die afgelope duisende jare. Die Amerikaners hoop byvoorbeeld om by die suidpool en in Marie Byrdiland met boorgate dwarsdeur die yskap kern te verkry wat buite 'n blik op die Antarktiese geskiedenis so ver na 10,000 tot 15,000 jaar terug sal gee. Mikroskopiese organiese en anorganiese partikels wat in die ys vasgevang is, sluit onder meer kosmiese stralingsdeeltjies, mikrometeoriete, vulkaniese as en mensgemaakte besoedelingstowwe in.

As 'n siklus van kosmiese straling uit die stralingsdeeltjies in die yskerne afgelei kan word, sou dit byvoorbeeld moontlik wees om te voorspel wanneer stralingstoestande ruimtevaart op 'n bepaalde tydstip te wagte kan wees.

Suid-Afrikaanse gletserkundige navorsing, hoewel beperk in omvang, lewer bydraes tot al vier bogenoemde afdelings. Gletserkundige waarnemings word gedoen in 'n belangrike dreineringsgebied wat strek vanaf die Koningin Maudlandplato, al langs die

Die Taylor-gletser in Suid-Victorialand—een van die grootste gletsers in die wêreld.

sogenaamde Penckaökka - Jutulstraumen - Fimbul-ysbank - Trolltungavloeilyn (sien skets). Dit sluit dus in kontinentale ysplaat, skarniergebied en drywende ysplaat — 'n klassieke gletserkundige studiegebied. Slegs 'n paar voorbeelde van die gletserkundige werk by SANAE word hier gegee.

By SANAE word sedert 1962 'n gekoördineerde program van massabalansstudie uitgevoer wat in oorleg met aanbevelings van die gletserkundige werkprogram van die Wetenskaplike Komitee vir Antarktiese Navorsing (SCAR) opgestel is.

Die doel van hierdie massabalansstudie is om vas te stel wat die verhouding is tussen die hoeveelheid ys wat versamel (akkumulasie) en die hoeveelheid wat verlore gaan (ablasie). 'n Surplus van akkumulasie oor ablasie dui op 'n toename in ysvolume en andersom.

SA se studiegebied

Direkte metings van sneeu-akkumulasie word nou al vir 8 tot 9 jaar gedoen. Daar is reeds sowat 200 waarnemingspunte op die Fimbulysbank en in SANAE se kontinentale hinterland. Die ongeveer 3,000 kontinue sneeuvalmetings wat oor hierdie tyd versamel is, is waarskynlik die volledigste neerslagrekord in Antarktika.

Berekening van sneeuval

In die poolgebied is die versakking van die oorspronklike sagte sneeu — as gevolg van sterk winde en van gravitasie — heeltemal voldoende om die sneeu in digte ys te verander. By SANAE, in teenstelling met die grootste gedeelte van die hoogliggende en baie koue poolplato, vind daar as gevolg van hoë lugtemperature en sterk radiasie in die somer ook nog smelting plaas met die gevolg dat water van die oppervlak in die sneeu afsyfer om laer af waar temperature onder vriespunt heers, weer te verys. Om 'n vergelyking tussen die verskillende soorte sneeu en ys moontlik te maak, word sneeu-akkumulasie uitgedruk in terme van ekwivalente hoeveelhede water, m.a.w. die dikte van die sneeulaag word met die gemiddelde digtheid daarvan vermenigvuldig.

Diep put

Benewens hierdie akkumulasiewaarnemings word daar ook stratigrafiese studies van die sneeulae gemaak, om vas te stel wat die gemiddelde akkumulasie oor verskeie jare is. In 1962 is daar byvoorbeeld deur middel van 'n diep put en 'n verdere spiraalboorgat 'n sneeuprofiel van 106 vt. by SANAE opgemeet. Die neerslag van opeenvolgende seisoene is uitgeken aan die veranderings in korrelgrootte, digtheid en hoeveelheid smelting. (Dit kan ook deur middel van stabiele isotoopwaarnemings gedoen word.) Daarvolgens het dié betrokke profiel gestrek oor 'n tydperk van 52 jaar — dus sover terug as 1910. Volgens berekening was die gemiddelde jaarlikse akkumulasie gelykstaande aan 40 cm. water. Vergelykbare akkumulasiewaardes is deur Engelse en Belgiese navorsers met dieselfde metode by ander basisse op die ysbanke van Koningin Maudland gekry. Die gemiddelde neerslag vir die hele kontinent word as 15 ± 3 cm water aangegee.

Antarktika raak van sy oortollige ys hoofsaaklik ontslae deur middel van gletsers en ysriviere wat uiteindelik in die see uitmond. By

Sal al die ys smelt . . .

DIE Antarktiese yskap bevat minstens 90% van die aarde se landelike ys — dit strek oor 95% van die kontinent en tot ver in die see en bedek 'n oppervlakte 11 keer so groot as die Republiek van Suid-Afrika. Die yslaag is gemiddelde 7,000 vt. dik — die dikste meting tot dusver is 14,500 vt. — en die totale volume word op ±7 miljoen kubieke myl bereken.

Die stabiliteit van die Antarktiese yskap is die grootste enkele faktor wat die watervlak van die oseane beïnvloed. Die smelting van slegs 'n klein persentasie van hierdie ys sou die seevlak aansienlik laat styg. As ál die ys smelt, sal dit na skatting die seevlak met 250 vt. laat styg — en kusstede en laagliggende gebiede grootliks oorstroom.

SANAE word 'n langtermynprogram van hulpkartografie vir gletserkundige uitgevoer. 'n Vervormingsnetwerk is uitgemeet en die resultate van relatiewe oppervlakvervorming en absolute beweging sal binnekort bekend wees. (Sien ook bl. 20).

Dit is vir die gletserkundige veral van belang om te weet hoeveel ys binne 'n gegewe tyd deur 'n gegewe dwarssnit vloei. Die geïndiseë waarnemingsroetes wat 'n uitgebreide netwerk op die Fimbul-ysbank vorm en tot sover na 72°S strek, is dus so beplan dat dit moontlik sal wees om ysdiktes langs 'n bepaalde profiel en langs tussen-nunataklyne te bereken.

Die tempo en hoeveelheid van die ysverlies as gevolg van smelting aan die bodem van 'n drywende ysbank, soos die Fimbul waarop SANAE gelee is, word indirek bepaal deur nivellering langs roetes te herhaal. Die resultate van hierdie werk by SANAE is nog nie beskikbaar nie.

Hoewel gravitasiemetodes van ysdiktebepaling nie so akkuraat is as seismiese pellings nie, word eersgenoemde metode tans meestal by SANAE gebruik. Die sogenaamde radar-eggopeiltoestel wat die afgelope jare ontwikkel is, is egter heelwat akkurater (5 m) as seismiese pellings (15 m) en kos ook slegs

Ysbank beweeg saam met getye

SOOS die getye kom en gaan, word die drywende ysbank waarop SANAE-basis staan gedurigdeur opgelig en neergelaat. Twee lede van die Suid-Afrikaanse Antarktiese Ekspedisie van 1965 het met behulp van 'n gravimeter wat spesiaal vir die doel aangepas moes word, bereken dat die ysbank met die getye tussen 28 en 66 dm op en af beweeg. Hierdie beweging veroorsaak dat die ys diep skeure vorm in die gebied waar die vasteland begin. Wanneer ekspedisies die binneland intrek, vorm hierdie yssplete, wat soms toegesneeu en dus onsigbaar is, 'n wesenlike gevaar.

Unique opportunities for medical research

AN Antarctic expedition provides a unique opportunity for carrying out research in medicine, physiology and psychology. In addition research associated specifically with the Antarctic climate and environment, studies can be made of a group isolated from all other human contact for a prolonged period. The group has a uniform diet, lives under regular physical conditions where there is a relatively uniform climate indoors and, out-of-doors exposure to cold is intermittent. In such a homogeneous group with a uniform way of life, free from all outside influences, important work can be carried out, especially in the physiological and psychological fields of medicine. The length of the period over which such studies can be made — usually at least a year — means that results are far more truly representative than those obtained in short-term experiments elsewhere.

The importance of a co-ordinated international programme in which all the SCAR nations participate is that by making the same type of tests simultaneously in various parts of Antarctica, not only are the subjects in an experimental group increased but comparisons can be made of variations occurring in different areas and among men of different nations accustomed to different climates and living conditions in their home countries.

A medical research programme has been drawn up by the Biology Working Group of SCAR which all participating nations have been asked to adopt. South Africa's contribution to this programme will be supervised by the Human Sciences Laboratory of the Chamber of Mines. The programme includes a study of the environmental conditions to which members of Antarctic expeditions and bases are exposed, together with as detailed a study as possible of their physical activities, the clothing worn, sleep periods and other relevant data. Regular measurements will also be made of body weights and skinfold thicknesses. Standard procedures for these assessments and measurements have been drawn up by the Biology Working Group.

Apart from this work, SCAR nations are free to follow any other line of medical research in which they may be interested and for which they are equipped. Specific South African research programmes will be carried out by the S A Institute for Medical Research, the Human Sciences Laboratory of the Chamber of Mines, the CSIR's National Nutrition Research Institute and National Institute for Personnel Research and the Department of Physiology, University of Pretoria.

sowat R6,000 teenoor ongeveer R30,000 vir seismiese toerusting. Hierdie metode is dus die mees gewenste oplossing vir ysdiktebepalings.

Delikate instrument

Tot dusver doen Suid-Afrikaanse ekspedisies nog hul metings met 'n gravimeter deur die vloer van 'n kaboca of veldkombuisslee waarmee die veldtogte onderneem word. Deur die ongunstige toestande van temperature onder vriespunt, wind en jagsneeu uit te skakel, word dié delikate geofisiese instrument ten beste benut. Totale magnetiese veldsterkte word met 'n protonpresisiemagnetometer gemeem wat gou en akkurate lesings kan registreer.

Die maksimum dikte van die Fimbul-ysbank kan 700 m of meer wees, in teenstelling met die grootste drywende ysdikte van 1,320 m wat op die Filchner-ysbank gemeet is.

Die verwerking van die resultate van hierdie navorsing — trouens dié van alle aardkundige navorsing — word in die publikasiereeks van die Suid-Afrikaanse Geologiese Opname en ook in ander wetenskaplike tydskrifte gepubliseer. Saam met die werk van die ander Antarktiese Verdragstate — almal onder die beskerming van SCAR — lewer Suid-Afrikaanse aardkundiges op internasionale vlak 'n belangrike wetenskaplike bydrae.

Die geologie van die Yskontinent

WESTELIKE Koningin Maudland, gelee reg suid van die Suid-Afrikaanse basis, SANAE, is een van die gebiede van die aardoppervlakte wat vir vandag se geoloë 'n uitdaging inhou.

'n Geologiese rotaformasie in Antarktika.

DAAR is verskeie redes waarom geologiese navorsers dit tóg die moeite werd ag om veldwerk te doen in hierdie onherbergsame kontinent.

Eerstens is Antarktika die enigste kontinent waarvan die natuurlike hulpbronne nog onbekend en onontgin is. Voordat dié land geologies en geofisies volledig ondersoek is, kan niemand seker wees van watter ekonomiese moontlikhede Antarktika inhou nie.

Hoewel steenkool skynbaar vry algemeen aangetref word en beskou word as Antarktika se vernaamste natuurlike hulpbron, kan die voorkoms daarvan tot dusver met geen akkuraatheid aangetoon word nie.

Suid-Afrikaanse geoloë het ook aanduidings van kopermineralisasie onlangs in die Ahlmannberge gevind (sien kaart op bl. 19). Sedimentêre koperertse wat hoofsaaklik in die basale gedeelte van die gesteentoppeenvolging aangetref word, sal gedurende die komende somer van 1966/67 vir meer uitgebreide ondersoek en bemonstering gebruik word.

Die aanwesigheid van 'n groot aantal ander bruikbare minerale is ook in Antarktika vasgestel. Die enorme probleme wat die ontginning, voorbereiding en vervoer van minerale in Antarktiese toestande sal bied, beperk egter die potensiële ekonomiese ertsafsettings tot dié edele metale en edelgesteentes met 'n hoë waarde-tot-massa-verhouding. Selfs dan moet die gemiddelde metaalgehalte van die erts baie na aan sy teoretiese maksimum-inhoud wees om ekonomiese produksie moontlik te maak.

Die tweede rede vir die geologiese belangstelling is dat navorsers hoop om in Antarktika die antwoorde te kry op sommige onopgeloste vraagstukke in verband met die geskiedenis van die aarde.

Geologiese kartering van Antarktika is uiters moeilik omdat die grootste gedeelte van die landoppervlakte (95%) onder 'n permanente yskap bedek is. Geloë is dus hoofsaaklik beperk tot die nunataks of bergspitse wat plek-plek bo die sneeu uitsteek.

Uit die gegewens wat deur geloë van al die Antarktiese Verdragslande ingesamel is, kan daar egter 'n breë beeld van die geologie onder die yskap opgebou word. Daar is onder meer vasgestel dat Antarktika een land is met twee duidelike landmassas, naamlik die kontinentale plato van Oos-Antarktika, en Wes-Antarktika wat bestaan uit die ploolingsgebergte van die Antarktiese skiereiland en Marie Byrdland. Die ploolingsgebergte van die skiereiland (wat tot in Byrdland mag loop) word beskou as 'n voortsetting van die Andiese gebergte van Suid-Amerika en van die Scotiaboog.

'n Belangrike probleem vir die Antarktiese geologie is die verloop van hierdie „Antarktandes" ten suide van die Antarktiese skiereiland. Nog 'n faset van hierdie algemene probleem is: Wat is die aard van die grens tussen Oos- en Wes-Antarktika?

'n Geotektoniese probleem van groot belang is die ouderdom van Antarktika as 'n afsonderlike kontinent. Die antwoord op hierdie vraag

is van groot belang vir die bevestiging — of verwerping — van die teorie van kontinentskuiwing, naamlik dat Indië en die kontinente van die Suidelike Halfrond oorspronklik een groot land, Gondwanaland, was.

Die gesteentes van Antarktika behoort baie waardevolle inligting te verskaf oor die paleogeografie van die verlede en oor die aarde se klimaat gedurende resente geologiese tye. Teorieë oor die aarde se klimaatsgeskiedenis soos die voorkoms van wêreldwye klimaatskommelings; die verskuiwing van die geografiese pole (en weer eens kontinentsverskuiwing) mag deur hierdie inligting bewys of weerlê word. Die geologiese geskiedenis van Antarktika, die enigste poollandmassa, soos dit van die fossielfauna en -flora afgelei kan word, sal baie bydra tot die opheldering van die wêreldwye patroon van klimaatsverandering.

Geen fossiele nie

Suid-Afrikaanse geoloë het tot dusver in die sedimente van die Ahlmannberge waar hulle werksaam is, geen fossiele gevind wat 'n aanduiding van die ouderdom van die gesteentes kan gee nie. Na analisering onder andere van die laat-Prekambriese alge wat deur Russiese ekspedisies in soortgelyke sedimente uitgeken is, word die Ahlmannformasie egter tentatief as laat-Prekambries of vroeg-Paleosoïes (ongeveer 600 miljoen jaare in ouderdom beskou. 'n Bemonsteringsprogram vir geochronologiese bepalings is ontanks volloot en die resultate hiervan behoort heelwat lig op die ouderdom van hierdie gesteentes te werp.

'n Besonder belangrike deel van die algemene probleem van klimaatsverandering is natuurlik die ouderdom—en oorsprong van die yskap. Wanneer het die yskap begin vorm? As dit reeds gedurende die Pleistoseen



bestaan het, het dit dan gelyktydig met die yslae in die Noordelike Halfrond fluktuasies ondergaan?

